LEWENSVERRYKING SEMINARE

NUUS

Posbus 54249, Ninapark, 0156
E-pos: info@lewensverryking.co.za
Tel. 012 546 8098/8413/8479 Faks 012 546 8690
Webtuiste: www.lewensverryking.co.za

Uitgawe **Mei 2010**

Jahweh Jireh - die Here voorsien!

deur Gavin Meistre

Kry jy nou finansieel swaar? Jy het seker al oor en oor introspeksie gehou oor wat verkeerd geloop het. Dalk was dit dinge buite jou beheer - dalk was dit dinge wat jy beter kon bestuur het? Wat die aanleidende oorsake ookal was - die Here is 'n genadige God en Hy help ons in ons nood - al maak ons baie keer droog, teenoor Hom en teenoor ander mense. In die proses leer ons ook baie dinge by Hom en die mense wat Hy oor ons pad stuur - en ek moet oop wees daarvoor.

Die Bybel gee vir ons die boodskap dat God die Voorsiener is. Hy skep lewe en Hy onderhou die lewe. Hy plaas ons ook op sy aarde om goeie rentmeesters te wees van sy gawes. Te midde van al die verhale van voorsiening in die Bybel - is die grootste die voorsiening van die Verlosser, Jesus aan die kruis. Paulus vra juis in Rom. 8:32: "Sal Hy ons dan nie AL DIE ANDER DINGE saam met Hom skenk nie?" Natuurlik sal die Here ook op al die ander terreine gee waar daar nood en behoefte is.

In Fil. 4 is Paulus besig om vir die mense van Filippi dankie te sê vir hulle voorsiening vir hom in die gevangenis in Rome. In vs 19 kom hy met die wonderlike belofte: "En MY God SAL in ELKE behoefte van julle RYKLIK voorsien volgens sy OORVLOEDIGE RYKDOM in CHRISTUS JESUS". Dis 'n allesomvattende belofte: dis 'n FEIT! Hy SAL! Nie noodwendig my begeertes nie ("greeds"), maar beslis my behoeftes ("needs"). Hy gee vir ons wat ons nodig het. Hy gee dit op grond van die oorvloedige rykdom in Christus - en hierdie bronne kan nie uitgeput raak nie.

Hierdie belofte is net vir Jesus se familie - sy gelowiges – vir hulle wat IN CHRISTUS is. Ons ontvang dit juis vanweë ons VERBONDENHEID met Hom.

Maar hoekom sukkel ek dan nou so? Want ek het ook 'n kant om te bring - met my hande en liggaam, my brein, my talente, my vaardighede en kreatiwiteit, my verantwoordelikheid en gehoorsaamheid, my rentmeesterskap en "common sense". Hierdie belofte is gekoppel aan voorwaardes wat ek moet nakom - die uitleef van verantwoordelike rentmeesterskap. Is jy lus om 'n nuwe begin te maak? Kyk na die volgende riglyne:

1. SOEK DIE HERE SE HULP

"Vra en vir julle sal gegee word, soek en julle sal kry, klop en vir julle sal oopgemaak word" (Matt 7:7). Voor jy betaal, bid eers. Gee God eers 'n kans om te voorsien, voordat jy uitgaan en betaal... God wil hê dat ek sal vra - sodat Hy kan gee. Hy wil gee, sodat my hart gevul kan word met blydskap (Joh. 16:24). As my hart vol blydskap is, is ek 'n goeie advertensie vir Hom.

2. WEES GELUKKIG MET WAT JY HET

1 Tim 6:6-7 "Godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het..." As ek my geluk net altyd koppel aan geld - gaan ek altyd ongelukkig bly. Ons het in SA 'n oordrewe "affair" met geld - vir baie is DIT die alfa en die omega - vir baie Christene ongelukkig ook!! Ons is al klaar so skatryk - as ons ons moet vergelyk met die miljoene armes in Afrika, Indië, Oos-Europa, Suid-Amerika en Sjina. Maar ons is nog steeds nie tevrede nie.

3. BEGIN OM TE GEE IN DIE GELOOF

'n Boer gaan doen iets - hy gaan uit om te saai. As jy ’n finansiële behoefte het - doen iets daaraan - en gaan plant 'n saadjie!! Want wat jy saai, sal jy maai! As jy liefde saai - sal jy liefde oes. Dis half onlogies om dit te doen - daarom verg dit GELOOF. God wil hê ons moet gee soos wat Hy gee. (Spr. 3:9-10). "Vereer die Here ...., met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees." Die Bybel gee die riglyn van 'n tiende. Om so te gee, is 'n daad van aanbidding en oorgawe. Plaas jy God eerste en kyk wat gebeur. Jy kan dit nie bekostig om NIE so te gee nie.

4. BEHOU JOU INTEGRITEIT

Spr. 16:11 "Liewer min hê en reg lewe, as baie inkomste hê deur onreg". As ek God se seën wil beleef in my finansies, sal ek eerlik moet wees. Spr. 10:22: "Dis die seën van die Here wat rykdom bring, jou geswoeg laat dit nie meer word nie". Oneerlikheid sal na jou toe terugkom. Wees eerlik in jou geldsake.

5. VERTROU HOM MET JOU LEWE Matt. 6:32-33

"Julle hemelse Vader weet wat julle nodig het, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en die wil van God, dan sal Hy julle al die ander dinge gee". My bekommernisse sê alles hang van my af - en dit is nie waar nie. Natuurlik lewer ek 'n bydrae – maar God seën dit wat ek doen en Hy voorsien. Ek vertrou Hom met dit wat onmoontlik lyk. Wanneer ek Hom vertrou, bring Hy bevryding van finansieel stres en vrees.

Kom ons begin sommer nou - en pluk die wonderlike vrug van oorgawe aan God!

‘n Volbloed troue by ‘n Lewensverryking seminaar

deur Elmarie Strijdom

Ek en Carl, my man, is nou 10jaar by Lewensverryking betrokke. Ons het in die tyd al die wonderlikste goed beleef, maar die afgelope Egpaarseminaar in Citrusdal het die Vader ons bederf met ‘n wonderwerk.

Het jy al gehoor van ‘n volledige huwelikseremonie na net 2 en ‘n halfuur se voor-bereiding teen slegs R100? Hierdie wonderwerk sal my my hele lewe lank bybly. Alles wat troue sê was daar. Die Dominee met ‘n toga (Onthou dit was ‘n Lewensverryking seminaar. Die ouens pak nie togas in nie!); die troumars, ‘n troupak met ‘n wynrooi das, ’n droommooie trourok, kussinkie met ringe, en in die kapelletjie die mooiste harte en kristalharte denkbaar. Die bruid, in die mooiste trourok, sluier en met die mooiste ruiker vars rose, het op die maat van die troumars tussen die gaste deurgestap... Foto’s, ‘n onthaal... Dit was net onbeskryflik!

Die eienaar van die Lodge waar die seminaar aangebied is en sy vrou het ingeklim. Sy het haar trourok bo uit die kas gehaal, ‘n pak vir die bruidegom georganiseer, en alles ekstra wat mens nodig het vir jou Groot Dag, elke vrou se mooiste, mooiste dag. Hulle het die tafels in ‘n aparte lokaal gedek met die mooiste tafelversierings, het tot die plastiese stoele met wit oortreksels oorgetrek. Geen moeite is ontsien nie.

Waar het dit alles begin? Toe hulle inskryf, het Sharon Jansen van Vuuren in ’n meegaande brief gesê hulle wil so graag deur ‘n dominee getrou word, want omdat hulle in die hof getroud is, bly dit ‘n gemis. (Ek het agterna gedink die Here het vir die afgelope 5jr hulle begeerte gesien. Die Woord sê “maak julle begeertes aan My bekend en Ek sal julle gebede verhoor” (Filippense 4:9). Deon het ingestem, en gesê ons pas dit die Sondag ‘n halfuur voor aandete in. Die toga waarmee hy hulle getrou het, was ‘n prokureursvriend van Wian, die Lodge-eienaar, s’n. Hulle het gestaan en kyk hoe die seminaargangers die stoele regskuif en alles regkry, en toe iemand sê, “Ai, as Deon net ‘n toga gehad het,” is hy blitsvinnig weg om syne te gaan haal.

Die bruid was prentjiemooi! Dit was verseker haar mooiste, mooiste dag; die mooiste trourok. Haar groepieleier het haar ingebring, met die bruidegom hand geskud en gegroet met “Kyk mooi na haar”.

Jesus het baie wonderwerke gedoen toe Hy op aarde was, en dit versterk gereeld my geloof as ek dit in die Woord lees. Maar ek het besef Jesus het ons hier op aarde nodig om wonderwerke te laat gebeur vir Sy kinders. Baie dankie Lewensverryking vir 30jaar se wonderwerke wat ons kon sien, en al die Eer en die lof en die dank aan Hom wat wonders doen.

Kaapse Enkelseminaar 23—27 April

deur Hanlie Linde

Van 23 - 27 April 2010 is geskiedenis gemaak toe die eerste van vele (hoop ons) seminare vir enkelpersone aangebied is op Citrusdal. Die van julle wat dit gemis het, kan baie spyt wees, want die Here het ons weereens verras met 'n ongelooflike geseënde seminaar. Dit was vir my baie besonders om getuie te kon wees van soveel wonderwerke wat in mense se lewens gebeur.

Die venue was die Citrusdal Country Lodge en ons was almal baie beïndruk. Dit is baie gerieflik en pragtig en kyk uit op Citrusdal se berge. Die hotel eienaars is heerlik gasvry en het gesorg dat ons verblyf daar onvergeetlik was. Ons het net so lekker geëet soos die klomp in Middelburg doen tydens seminare.

Die groep het bestaan uit 26 seminaargangers, 5 groepleiers, Sam en Junita wat die administratiewe ondersteuning gegee het, en Deon en Wynand wat die aanbiedings gedoen het. Die seminaargangers was van so ver as Albertinia, Vredendal, Stellen-bosch, St. Helena Baai en Saldanha. Ek was veral dankbaar dat ons ’n ten volle geïntegreerde groep was met mense uit alle bevolkingsgroepe. Die Here het ons gebede beantwoord en is ook besig om Lewensverryking na alle bevolkingsgroepe toe te stuur. Die Kaapse seminare is hiervan 'n voorbeeld. Ons kon werklik ons eenheid in Christus ervaar.

Daar is 'n paar goed wat vir my uitgestaan het van die seminaar:
1. Die Here se genade verstom my elke keer. Met elke seminaar besef ek dat die seer en hartseer in die wêreld net meer raak en die tipe sondes wat ons doen, raak net erger, maar die Here is so getrou en dit is asof Hy die satan uitdaag en wil sê: “Show me what you've got... Whatever it is, I will forgive. My genade is genoeg”. En dan beleef ons fisies hoe die Here vergewe en hoe die Here mense regtig nuut maak.

2. Ek moes die laaste dag weer 'n foto van my groepie laat neem, want ek sou hulle regtig nie herken het op die foto wat die 2de oggend geneem is nie. Die Here het almal van ons (ekself ingesluit) opnuut vrygemaak en nuutgemaak. Dis altyd so lekker om te sien hoe die Here werk. Aan Hom al ons eer! Dis Hy wat wondere doen.

Ons is opgewonde oor die Kaapse seminare en glo dat daar nog so baie mense is hier wat geraak moet word deur die goeie nuus dat Jesus vir ons sondes gesterf het en dat Hy opgestaan het sodat ons kan lewe!

Born Again

I am born again…
In You, God, you are my best friend.
I won't be scared
Cause God's the one
Who will defend.

I'm proud to say
I belong to you, cause
You will carry me all
the way through.

I never thought this
could be true, but it is
cause there's a God
like You.

Lifting my voice
my God I made
the best choice.

Only You can heal
broken hearts
So now my life
finally starts.

These words aren't
enough to say
That God is
the only way.

You suffered on a
Cross for me

My God how thankful
can one be.

I want to live for my God
He is the way, truth and life.
Through Him
I will survive.
Geskryf deur Jan-Mari du Toit, Gr 11. Tienerseminaar April 2010

Seënbede in Numeri

Jesus het vir ons, sy kinders, 'n **VOLHEIDSLEWE** belowe. Gebruik die **SEËNBEDE IN NUMERI** en **roep** dit elke dag oor jouself en jou huismense uit. Let daarop dat dit oor veel meer as die materiële gaan. Daarom: Dankie Heer, ek ontvang nou U seën:

Die HERE seën my en my huisgesin en is goed vir ons.
Hy sal vir ons sorg [**provision**] en ons beskerm [**protection**]
Hy sien ons raak en gee aan ons Sy liefde en genade;
Hy is ons en ons gebede goedgesind en sal ons voorspoed
[**prosperity**] en VREDE [**peace**] gee! [Vry uit NLV] **Num 6:24 – 26**
Bevestig dit met die Woord op jou tong! Hardop: 6P's

Property Ek het Jesus aangeneem en ek is Syne, Sy kind. **Joh. 1:12**

Peace *My vrede laat ek vir julle na*… **Joh.14:27**

Purpose Jy is kosbaar vir my, Ek ken jou naam. Voor die begin van die wêreld het Ek jou al gekies om rein en net Myne te wees deur Jesus… **Ef 1:4; Jes 43:1&4** [NLV]

Protection Hy stuur Sy engele om te waak oor my…, **Ps 91:11**

Provision My God sal voorsien en jou voorspoedig maak.**Fil 4:19; Deut 8:18**

Prosperity Dit gaan goed:Want ek het'n gesonde gees, siel en liggaam.**1Joh 1:3**

Komende seminare

JUNIE

4 – 5	Geestelike verdieping – Florauna NG Kerk, Pretoria-Noord
9 – 13	Egpaarseminaar
16 - 20	Kaapse Tieners
16 – 20	Enkelseminaar

JULIE

23 – 25	Spanopleiding

AUGUSTUS

6 – 9	Enkel Opvolgseminaar
20 - 21	Geestelike Verdieping – Florauna NG Kerk, Pretoria-Noord
27 - 29	Huweliksvoorbereiding

NB. Die volgende datums op die seminaarprogram het verander:

Egpare: 7 - 11 Julie na 9 - 13 Junie
Citrusdal Enkel: 16 - 20 Junie na 23 - 27 April
Mdb Enkel: 30 Junie - 4 Julie na 16 - 20 Junie
Kaapse Tieners: 9 - 13 Junie na 16 - 20 Junie
Geestelike Verdieping: 4, 5 Junie; 20, 21 Aug.; 12,13 Nov.